Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
23 Januarie 1977

Onderwerp: Om vergenoeg te wees

Lees: Filippense 4 verse 10 tot 23

Teks: Filippense 4 vers 11

Sing: Psalm 107 verse 1 en 15
Gesang 51 verse 1 en 4
Gesang 43 verse 1 en 2

"Broers en Susters, die kerk mag hom nooit regstreeks bemoei met die ekonomie of politiek nie. Maar nou moet u verstaan, onregstreeks bemoei die kerk hom met baie dinge, ja, met al die dinge in hierdie wêreld: die verdediging, rassebeleid, die ekonomie, noem maar op. Die Woord van die HERE gaan oor al hierdie sake waarmee ons daagliks in aanraking kom.

"Daar is geen enkele terrein van die lewe wat ons kan afsonder en sê: Dit is ons saak, hier het God niks te doen nie. Nee, Broers en Susters, God het met alles te doen.

"Daarom het God ook 'n Woord vir ons ekonomie. Hy wil ons leer hoe ons as Christene moet leef in ons land se dreigende ekonomiese omstandighede. En nie net dit nie, maar ook hoe ek moet leef in my eie finansiële situasie. Daarom spreek die boodskap helder: Ons moet leer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ons is.

"Die woordjie vergenoeg beteken om tevrede te wees. Genoë te neem met dit wat ek het en ook wat ek miskien nie het nie.

"Broers en Susters, ons omstandighede is gedurig aan die wissel. Dit was ook Paulus se daaglikse ervaring. Hy het in Tarsis in 'n gegoede huis groot geword. Hy was gewoond aan die goeie wat die lewe kon bied. Hy het onder die geleerdes beweeg en sy opleiding as Fariseër ontvang. Hy was 'n geëerde rabbi. Paulus se toekoms was mooi en belowend.

"Toe kom sy bekering op die pad na Damaskus. Van daardie dag af het alles nie meer in sy skoot geval nie. Teenslae en beproewings het gekom. Luister maar hoe skryf hy: 'Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk

gely, ’n nag en ’n dag het ek op die diepwater deurgebring - dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid. Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes.’ (2 Kor 11:24-28)

“Broers en Susters, wat Paulus hier sê, is nie vir ons onbekend nie, nie waar nie? Die een dag gaan dit met ons goed. Die volgende dag is ons verslae en moedeloos. My finansies is net mooi op dreef, dan tref die terugslag my. My huisgesin is so gesond en vrolik, dan sterf iemand skielik. Ek beplan ’n mooi toekoms vir my kind, dan kom die teleurstelling van die uitslag van die eksamen. Ons is vandag nog so gelukkig as man en vrou, dan skielik trek daar ’n skaduwee van onsekerheid oor ons huwelikslewe.

“U ken hierdie dinge. U weet hoedat lewensomstandighede geduring wissel. Ons stryd eindig nooit. Ons besit geluk wat ons nooit werklik kan vashou nie. Ons staan nou op die kruin en die volgende oomblik is ons in die dieptes. Die mens, ook die Christenmens, is onderworpe aan omstandighede.

“Wat staan ons te doen as die omstandighede so voortdurend wissel?

“Op hierdie vraag is al verskillende antwoorde gegee. Die ou stoïsynse filosowe het gesê ’n mens moet jouself onkwesbaar maak, deur jouself af te sonder van die werklikheid en so min behoeftes as moontlik te hê. Volgens hulle, verminder jy sodoende die moontlikheid dat daar iets van jou weggeneem kan word om jou ongelukkig te maak. Ek moet in myself gekeer wees, sodat omstandighede van buite geen invloed op my het nie.

“Maar Broers en Susters, dit is onnatuurlik en onmenslik. Dit sou beteken dat ek my geheel en al van die lewe moet onttrek. En dit, Broers en Susters, is nie wat die Evangelie van Jesus Christus ons leer nie. O nee, ons staan midde in die werklikheid en wisselvalligheid van die lewe. Ons is nie geeste wat êrens bokant die aarde sweef nie.

“Wat maak ek dan as Christen met wissellende omstandighede?

“Hierin het Paulus vir ons die antwoord gegee: ‘… ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.’ (Fil 4:11)

“Dit beteken nie dat ek soos die stoïsyne my voor- en teëspoed moet ignoreer nie. Of in kontras daarmee, dat omstandighede my lewe moet oorheers nie. Nee, die Woord van God leer ons iets anders. Kom ons kyk na die agtergrond van ons teksvers.

“Die gemeente van Filíppi het vir Paulus ’n gawe ingesamel, waarop hy hulle per brief bedank het.

“Dit was die gemeente waar Paulus en Silas in die nag in die tronk lofsange voor God gesing het.

“Dit is eienaardig, Broers en Susters, dat Paulus nie minder as tien verse gebruik het om dankie te sê nie. En hy het hulle op ’n besondere wyse bedank. Hy wou sy erkentlikheid en dankbaarheid bewys en terselfdertyd sê dat hy nie van hulle gawes afhanklik was nie. Hy het die geskenk waardeer, maar het geglo dat God sonder hierdie geskenk in sy behoeftes sou voorsien het. Hy was verleë en dankbaar oor die gawe, maar ten diepste was hy verleë en dankbaar voor God.

“Kan u nou verstaan waarom Paulus tien verse gebruik het om dankie te sê? Die gawe het vir hom veel beteken, maar selfs sonder dit sou hy nog vreugde in die HERE geken het.

“Of die omstandighede goed of sleg is, is nie só belangrik nie. Die omstandighede mag nooit oor ons heers nie. Daar is iets groters. Dit is my vreugde in die HERE. Alleen só kan ons dan sê: Ek het geleer om vergenoeg te wees met my omstandighede.

“Dit wil nie sê dat ek maar passief moet gaan lê onder my omstandighede nie. Nee. Ek moet aanhou werk, bid en glo dat God sal gee. Maar totdat God die toestand verander, moet ek vergenoeg wees.

“Let op, ek moet LEER om vergenoeg te wees, want van nature is ons dit nie. As ek min het, is ek ongelukkig, want ek wil meer hê. Het ek meer, is ek ook ongelukkig en onvergenoeg, want ek wil nóg meer hê. Ek moet LEER om vergenoeg te wees.

“Broers en Susters, is dit nie een van ons groot probleme nie? Ons lewe in een van die rykste lande van die wêreld. Ons lewenstandaard is hoog. Ons het op twee lande na, die hoogste persentasie motors ter wêreld. Ons besit na slegs ’n paar jaar meer televisies as al die ander lande in Afrika saam. Alles getuig van voorspoed, maar nogtans is ons nie vergenoeg nie.

“Dit wat ons het, waardeer en geniet ons nie. Ek staar my blind teen enkelinge wat meer het as ek; en

vergeet van die biljoene wat minder bevoorreg is. Twee derdes van die wêreld se bevolking is ondervoed.

"Wat ons het, is nie genoeg nie. Ons jaag na 'n nog luukser lewe en luukse artikels. En so baie daarvan is op skuld. As ek my klere 'n paar keer aangetrek het, moet ek nuwes koop. My motor kan nog baie kilometers loop, maar ek koop 'n nuwe een. Ek is ongelukkig met wat ek het en wat die HERE vir my gegee het. Ek jaag na die nuwe. Só word my lewensgeluk afhanklik van my lewensomstandighede, omdat ek nooit geleer het om vergenoeg te wees met wat ek het nie.

"Broers en Susters, is dit nie soos dit met ons gaan nie? Ons vergeet dat daar ook 'n ander rykdom is as die aardse rykdom. Ons het vergeet dat ons gelukkig kan wees, al het ons nie alles nie.

"Paulus wil ons vanmôre die geheim leer. Hoe is dit moontlik dat hy tot hierdie vergenoegdheid en tevredenheid kon kom? Paulus kom sê vir ons hoe ons hierdie innerlike ongelukkigheid en onrus kan stil maak: 'Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.' (Fil 4:13)

"Wat 'n wonderlike Woord. Dit gaan hier om Jesus Christus wat my krag gee. Hy gee my krag om vergenoeg te wees in oorvloed of gebrek. Deur die krag van Jesus Christus kan ek onder alle omstandighede gelukkig en tevrede wees. Dit gaan in hierdie vers daaroor dat ek my omstandighede sal aanvaar. Wat 'n gedagte! Dit beteken dat ek op 'n mooi manier ryk kan wees, deur Jesus Christus wat my krag gee.

"Alleen in Jesus Christus weet ek dat God my Vader is; en glo ek dat Hy vir my sal sorg. In Jesus Christus glo ek dat Hy en die Vader my nie sal verlaat nie, maar my daagliks sal dra en versorg.

"Broers en Susters, die Christen se hoogste rykdom lê nie in voorspoed nie. Dit lê nie in die nuutste en luukste wat ek kan koop nie. Ons grootste rykdom lê in Jesus Christus. Hy is ons grootste skat. As ek Hom het, is ander dinge minder belangrik. Die mens wat Jesus Christus het, het genoeg. Dan is die Christen vergenoeg met wat God vir hom in daardie stadium gee.

"Broers en Susters, het u al hierdie skat van God ontvang? Dan wil ek u vra: Waarom is u dan nog so ongelukkig en onvergenoeg?

"Amen."